Suiderkruis
'n Gemeente vir Oud en Jonk
Lewe & Liefhê In God se Wêreld.
ONDER ONS 2021
Redaksie: Ds Coenie Calitz, Elize van Niekerk, & Hester de Beer
Posbus 5253, Kockspark, 2523
Tel & Faks 018 2947939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: suiderkruis

17 OKTOBER 2021

DAGBOEK
VANDAG

08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens (Ds Elzeth)
10:00 Koffie en tee in die foyer
18:00 Reguitstr 13+
18:00 Belysel (Wes)

DINSDAG

18:00 GKF Vergadering

WOENSDAG

08:00 Personeelbeplanning

DONDERDAG

08:00 Personeelbeplanning

SONDAG 24 Oktober

08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens (Ds Coenie)
09:00 Kinderkerke
10:00 Koffie en tee in die foyer
18:00 Reguitstr 13+
18:00 Belysel (Suid)

GEBEDSLYS

Hospitale

- Wanda Schoonen
- Gerhard van Tonder
- Marita Jacobs
- David Maree

BELANGRIKE DATUMS

19-20 Oktober	:	Personeelbeplanning
30 Oktober	:	Suidwes Basaar
7 November	:	Gemeente feesnaweek
11 November	:	Senior Burger Ete
14 November	:	Kinderkerssangdiens
21 November	:	Kerssangdiens

PERSONEELBEPLANNING
Al die personeel is Woensdag en Donderdag afwesig vir die 2022 beplanning.

SUID WORD 65

Ons gemeente is hierdie jaar 65 jaar oud! In mense-terme is dit al redelik senior maar in kerk-terme is dit nog baie jonk want kerke word honderde jare en selfs duisende jare oud!

Ons vier DV ons gemeente se verjaardag aan die begin van November met 'n groot feesdag (as die regulasies dit toelaat). Ons sal later baie meer hieroor vertel en julle solank opgewonde maak daaroor. En soos dit is met verjaarsdae, gee mens gewoonlik 'n geskenkie vir iemand wat verjaar.

Wil jy nie asb dit oorweeg om vir die gemeente vir haar 65e verjaardag 'n kontantbedraggie van R65 te gee nie? Jy is welkom om baie meer te gee en as dit vir jou moeilik is, kan jy gerus ook minder gee. Ons het die drie maande van September tot November opsygesit as ons 65-fees. Betaal gerus enige tyd in hierdie drie maande jou verjaardaggeskenkie by die kerkkantoor in (of via elektroniese oorplasing) en merk dit as 65-fees. Baie dankie vir elkeen se deelname! ***-ds Coenie***

VERJAARSDAGHOEKIE

Vandag: Janien vd Merwe
18 Oktober: Andre de Beer
19 Oktober: Ulrich Botha, Lourette Burgers, Eleen Engelbrecht, Elanie Kriel, Luané Niemand
20 Oktober: Geen verjaarsdae
21 Oktober: Geen verjaarsdae
22 Oktober: Danie Joubert **(80 jr),** Nanka Smith
23 Oktober: Jeanette Bronkhorst, Andre Kruger, Mary-Anne Loots

NB: Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. ***- Elize***

As jou trane vlakker lê as jou glimlag – HOOP
As jou hart seerder is as jou oë – HUIL
As jou antwoorde verder is as wat jy dink – BID
As jy voel jy kan nie meer nie – DROOM
As alles om jou breek – STAAN VAS
GOD IS IN BEHEER!

SUIDWES BASAAR

Ons hou basaar! 30 Oktober om 9:00 hou Suiderkruis en Wes saam basaar by Wes se kerkterrein. Wil jy nie asb aanmeld om te help by een van die stalletjies nie? Kontak asb die sameroeper van die stalletjie:

Stalletjie	Sameroepers
Pannekoek	Maryna Marais - 0828079954
Poeding (Jellie of enige ander poedings)	Johanna Handford - 0828061809
Stil-veiling	Jacoba Ras - 0729005005
Koeldrank	Pieter en Jacoba Ras - 0729005005
Koffiestalletjie	Nunez van Zyl - 0829229234
Kerrie en Rys	Petro Kriel - 0843012497
Springkasteel	Die belydenisklasse
Lekkergoed	Lisa Nel - 0847603198
Worsbroodjie	Coenie Calitz - 0845670410
Koeke	Kerkkantoor - 0182947939
Skyfskiet	Anton Nel - 0832679080

Om hierdie dag ’n sukses te maak benodig ons asb. die volgende:

* Koekmeel
* Lekkers
* Jellie
* Kondensmelk
* Kleinkoekies
* Kontant donasies
* Rys
* Kaneel
* Boksies vla
* Maalvleis
* Beskuit
* Poedings
* Eiers
* Suiker
* Klapper
* Olie
* Gemengde groente
* Maalvleis / wors

Bly op hoogte van die basaarreëlings by www.suiderkruis.com/basaar

KAN EK U NET EEN KEER SIEN, HERE!

“Kan ek U net een keer sien!” So klink Moses se versoek aan die Here in Eks 33. Op sy beurt vra Filippus in Johannes 14 vir Jesus: “Wys vir ons die Vader en dit is vir ons genoeg!” Nee, hulle het dit nie ligsinnig bedoel nie. Dit is nie asof hierdie een van hulle “bucket list”-wense was, voordat hulle eendag sterf nie. Moses en Filippus se versoek weerspieël iets van gelowiges se dieper dors na die Here regdeur die eeue.

Ons ken die skrywer van Psalm 63 se bekende woorde dat hy na God smag soos wat ’n wildsbok in die woestyn dors na water. Hy verlang met alles in hom om in die Here se teenwoordigheid te wees, om nog meer van Hom te ervaar. Hierdie dieper verlange na die Here gaan nooit weg, wanneer jy Hom ontmoet het nie. Aan die een kant raak jy al hoe meer bewus van jou eie gebrokenheid in Sy nabyheid. Jy weet Christus is die ware Brood van die Lewe, wat jou honger versadig. Maar aan die ander kant laat die Here se genade jou nog meer honger na Sy teenwoordigheid. Daarom hardloop jy aanhoudend na God toe. Jy weet by Hom bruis daar altyd nuwe fonteine met lewende water.

-Stephan Joubert [eKerk]

AS DIT DONKER IS OM MY:
As God sy rug draai

Kom ons te hulp! Waarom slaap U, Here? Word tog wakker Moet ons nie vir altyd verstoot nie! Waarom draai U U rug vir ons? Waarom steur U U nie aan ons ellende en smaad nie? – Ps 44:24-25

In hierdie psalm verwoord die psalmdigter sy woede en verontwaardiging teenoor God. Vir hom lyk dit of God hom verstoot het, of God aan die slaap is hoewel hy aan God getrou gebly het. “Dit is oor U dat die dood ons gedurig tref, dat ons soos slagskape behandel word,” kla hy in vers 23. En dan slinger hy ’n hele klomp vrae na God se kant toe. Hoekom slaap God? Hoekom draai Hy sy rug vir hom? Hoekom steur Hy hom nie aan sy ellende nie?

Vir baie gelowiges is dit onverstaanbaar dat so baie slegte dinge met hulle gebeur alhoewel hulle God liefhet en Hom dien. In tye van rampspoed probeer hulle soos Job van ouds tevergeefs om ’n verstaanbare patroon in die krisisse raak te sien.

Dit is in orde om vir God kwaad te word, net solank rampe en teëspoed ons nader aan Hom bring. Ps 44 sluit met die gedagte dat ongeag die digter se omstandighede, God se troue liefde steeds daar is. Aan hierdie belofte kan jy vashou: al gaan dit ook op die oomblik hoe hopeloos met jou, God het jou lief. Ook al voel dit vir jou of Hy slaap en sy rug vir jou draai. Hy wéét van al jou swaarkry en Hy sal uiteindelik ’n einde daaraan maak.

Here, vandag gaan dit so sleg dat ek ook wil vra waar U dan is en waarom U my bly verstoot en U rug vir my bly draai. Help my asseblief sodat ek opnuut van u troue liefde vir my verseker kan word. Amen. ***-Nina Smit***

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorderopdrag: Vorms is in die voorportaal beskikbaar
Koeverte: In voorportaal beskikbaar

Elektroniese betaling (eft) of Zapper:
Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid
Absa, Tjekrekening,
Nr 680580049
Takkode 632005

U is welkom om enige van bg metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.

Lees
Jona 1-2

JONA EN DIE GROOT VIS

Maats, verbind die kolletjies en kyk wie sluk vir Jona in!